

DIE AARD EN ROEPING VAN DIE KERK

Die Kerk in Bybelse perspektief:

1. Koninkryk en kerk

- Die ware kerk is die **verteenvoordinging** en **demonstrasie** van die Koninkryk van God op aarde.
- In die Ou Testament was die tabernakel en tempel 'n plek waar mense kon gaan om God se seen en teenwoordigheid te ervaar en offers te bring.
- In die Nuwe Testament is die mense die tempel van Heilige Gees – dit is die gemeente wat bestaan uit **wedergebore** mense.

1Kor 3:16 “Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?”

1Kor 12:27 “Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik.”

Efe 5:30 “Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene.”

- **L.W. Die kerk van die Nuwe Testament of Verbond is nie 'n gebou van klip of steen nie!!!**

Hand 7:48 “Maar die Allerhoogste woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie,”

- **L.W. Die kerk van die Nuwe Testament of Verbond verteenwoordig nie 'n denominasie, of 'n leerstelling, of 'n tradisie nie!!!**

1Tim 3:15 “Maar as ek vertoef, dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid.”

“THE WAY WE SEE CHURCH IS THE WAY WE DO CHURCH”

WIE IS DIE WARE KERK?

- **Jesus Christus is die werklike en enigste hoof van die ware Kerk .**

Efe 1:22 “ En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee,”

Die Hoof van die kerk is die Hoof van die gemeente.

- **Die Bybel in sy totaliteit is die volledige en enigste bron van waarheid vir die ware Kerk.**

2Ti 3:16-17 “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, ⁽¹⁷⁾ sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.”

Die Woord van God is die handboek van die kerk.

- **Die ware Kerk is in God se diens en nie God in die Kerk se diens nie.**

1Kor 3:9 “Want ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle.”

Die kerk word gebou deur Jesus Christus self. Dit is ‘n voortgaande proses en mense is Sy instrumente deur die toerusting van die Heilige Gees.

- **Slegs hulle wat openbarings kennis het oor die enigste en lewende God is die ware Kerk.**

Mat 16:16-18 “En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God. Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is. ⁽¹⁸⁾ En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.”

Die openbarings kennis identifiseer wie Jesus Christus is: Die Seun van God en die Seun van die mens.

- **Slegs die gemeente waar die Heilige Gees erkenning geniet en vryheid het om te bedien is die ware Kerk.**

Hand 1:8 “maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde.”

Efes 4:30 “En bedroef die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseel is tot die dag van julle verlossing”

Jesus bou Sy ware kerk en koninkryk deur die gawes van Sy Gees. Dit is deur die toerusting van die Heilige Gees dat die bediening van die gemeente plaasvind.

2. Bestaansreg van die kerk

Aard en Roeping:

- Ekklesia van God.
 - Ek = Uitverkies - Klesis = Geroep, volgens oorspronklike identiteit.
 - Afgesonder vir ‘n doel – vestiging van die Koninkryk van God op aarde.

1Pet 2:9 “Maar julle is ‘n uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n heilige volk, ‘n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.”

- Standaard van lewe in die gemeenskap en wêreld te wees – sout en lig.

1 Tim 3:15 “dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, ‘n pilaar en grondslag van die waarheid.”

- Maak van dissipels vir die Koninkryk.

Mat 28:19 “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle bevel het.”

DAAR IS ‘N VERSKIL TUSSEN OM “KERK TE HOU” EN KERK TE WEES.

- Kerk is geroep om God te aanbid.

Joh 4:24 “God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet Hom in Gees en waarheid aanbid.”

- Kerk is geroep om te dien.

Joh 13:14 “As Ek dan, die Here en Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was.”

- Kerk is God se sending.

Mark 16:15 “En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.”

- Kerk is geroep om te heers.


Mat 16:18 “En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.”

- Kerk is die bruid van Christus.

Open 19:7-9 “Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. ⁽⁸⁾ En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige daade van die heiliges. ⁽⁹⁾ Toe sê hy vir my: Skryf,

salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.”

3. Samestelling van die kerk



Daar is twee hoofstroom gemeentes:

- Protestants – leerstellings hoofsaaklik gebaseer op oorlewering.
- Evangelies – leerstellings gebaseer op die suiwer Woord.

4. Waarom aan 'n Gemeente behoort?

1. Jesus het die gemeente lief soos Sy eie liggaam
Efe 5:25 “ *Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het.*”
2. Sodra ek kind van God word, plaas God my in'n gemeente.
1Kor 12:13 “ *Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.*”
3. God se instrument van wysheid
Efe 3:10 “ *sodat nou deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word,*”
4. God se instrument van heerskappy
Efe 1:22 “*En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee,*”
5. Liggaam van Christus
Kol 1:24 “*Nou verbly ek my in my lyding vir julle en vul in my vlees aan die oorblyfsels van die verdrukking van Christus vir sy liggaam, wat die gemeente is;*”

6. Verkry deur Sy bloed

Hand 20:28 “Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.”

7. Gereddes gevoeg by gemeente

Hand 2:47 “terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is.”

8. Instrument – bou van Koninkryk

Mat 16:18 “En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.”

9. Instrument om bese te oorwin

Mat 16:18 “En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.”

10. God se instrument en Jesus se werktuig op aarde.

Open 1:11-13. “..Ek is die alfa en die omega, die eerste en die laaste, skryf wat jy sien in’n boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is:.....toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het sien ek sewe goue kandelaars, en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met ‘n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met ‘n goue gordel”

5. Watter voordeel hou dit vir my persoonlik in om deel te wees van die Kerk?

1. Identifiseer my as deel van God se Koninkryk – ware gelowige.

- **Efe 2:19** “So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God,”

2. Gee my ‘n toekoms van hoop, rigting, werklikheid.

- **Ps 36:10** “Want by U is die fontein van die lewe; in u lig sien ons die lig.”
- **Tit 1:2** “in die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het,”

3. Gee my ‘n geestelike familie – ondersteuning en liefde.

- **Gal 6:1-2** “Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie. (2) Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.”
- **Jak 5:14** “Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.”

4. ‘n Plek om my gawes, bediening te ontdek, uit te leef – identifiseer van my roeping.

- **Efes 4:1** “Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is.”

5. Plaas in my in posisie om aan Goddelike leierskap onderdanig te wees.
 - **Heb 13:17** “ Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie.”

6. Geleentheid om te groei na geestelike volwassenheid.
 - **Efe 4:11-16**” En Hy het gegee sommige apostels.....om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk....totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God,tot ‘n volwasse man, tot die volle grootte van Christus.”

7. Verander te word na my Skeppingdoel en Beeld.
 - **Rom 8:29-30** “Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders; **(30)** en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik.”

8. Geleentheid om saam met heiliges God te aanbid.
 - **Ps 22:23**” Ek wil u Naam aan my broers vertel, in die vergadering U prys”

Daar is ‘n gees wat vandag opereer onder kinders van God wat hul wil oortuig dat hul God kan ken, dien en aanbid sonder om deel te wees van ‘n gemeente van wedergebore gelowiges. Dit is gewoonlik mense wat seer gekry het, teleurgestel is, hoogmoed in hul hart toelaat of deur leuens oortuig is. ‘n Mens kan jouself slegs regverdig met so siening indien die Woord van God nie meer die verwysing in jou lewe is waarvolgens jy leef nie. Mag die liefdevolle Vader deur Sy kosbare Heilige Gees jou bewaar van so ‘n dwaling.

Spr 18:1 “ Hy wat hom afskei, soek sy eie begeerte; hy bestry alles wat waarlik tot voordeel strek”

Hebr 10:25 “en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom,”